



Musiek

Ouditiewe Persepsie

BABY & TOTS
GUIDE

3 - 6 Jaar

© Kopiereg Baby & Tots Guide 2018

MUSIEK

Basiese riglyne vir klasmusiek	3
Posisionering:	3
Diadokokonese:	3
Hoe klink verskillende klanke	3
Sisteem differensiasie:	4
Klank-lokalisering en klank rigting	4
Klank-konstantheid	4
Bewegende klankstimuli	4
Ritme	4
Klanke en betekenis	4
Klank kan voorgestel word.....	4
Voorgrond – agtergrond	4
 Musieklesse	
Week 1 en 2	5
Week 3 en 4	8
Week 5 en 5	9
Week 7 en 8	10
Week 9 en 10	11
Week 11 en 12	13
Week 13 en 14	14
Week 15 en 16	15
Week 17 en 18	16
Week 19 en 20	18
Flitskaarte	20



INHOUDSOPGAWE

Week 1 en 2



Herhaal die musiek konsepte gedurende die twee weke vir pret en luistervaardigheid.

PRAAT EN SANGSTEM:

Wys kleuters die verskil van die praat en sangstem. Sê 'n rympie en sing 'n liedjie sodat kleuters die verskil kan hoor.


Legato (lang) en staccato (kort geluide):

Kleuters maak diere na sodat hulle kan hoor wat lang en kort klanke is.


Diere geluide



Leeu wat brul
(legato)



Hond wat blaf
(staccato)




Bees wat bulk
(legato)



Muis wat piep
(staccato)





Kat wat miaau
(legato)



Vark wat oink
(staccato)

Watter ander diere maak kort opeenvolgende klanke (staccato).



Watter ander diere maak lang aanmekaar klanke (legato).






Hoog en laag:


'n Melodiese instrument is die enigste instrument wat hoog en laag kan aandui. Slaginstrumente soos klockie en drommetjie dui fyn en growwe klanke aan. Sing hoog en laag of gebruik 'n goeie Glockenspiel wat nie vals is nie.

Speel op Glockenspiel of sing hoog en laag, kleuters voer die aksies uit.




1. Voëltjies vlieg in die lug

(hoog)



2. Voeltjies loop op die grond

(laag)



3. Vliegtuig vlieg in die lug

(hoog)



4. Miertjie loop op die grond

(laag)



5. Opgeblaasde balon sweef in die lug

(hoog)



6. Motortjie ry op die grond

(laag)

MUSIEK EN BEWEGING:

Hierdie beweging moet op wals musiek gedoen word.

(Johan Strauss: The Blue Danube)



Die wind waai saggies deur die bome

Kleuters steek hulle hande in die lug en waai heen en weer.

Lyfie na een kant toe - Tel: 1 2 3

Lyfie na ander kant toe - Tel: 1 2 3

3/4 tyd of walstyd.

Ons sit elkeen op 'n bootjie en roei vorentoe, agtertoe, vorentoe, agtertoe.

Bootjie roei:

Vorentoe - Tel: 1 2 3

Agtertoe - Tel: 1 2 3

3/4 tyd.

Ons hak by ons maatjies in, in die kring

Ons buig:

Vorentoe - Tel: 1 2 3

Agtertoe - Tel: 1 2 3

3/4 tyd.

Ons vang vis

Ons trek ons visstok terug en gooi ons lyn in die water.

Gooi in - Tel: 1 2 3

Trek vis uit - Tel: 1 2 3

3/4 tyd.

BASIESE RITME STAP:

Kleuters stap terwyl juffrou die stapritme op die drom speel of hande klap.

Stap saam met die kleuters sodat hulle kan sien wat die stapritme is.

Lyfie slagwerk:

Klap kleuters se name ritmies, knie en handklap. bv. Jo-han, Sel-ma, Ti-na, Juf-frou ens.

Leer liedjie aan:

- Liedjie moet altyd as 'n geheel aangeleer word, nooit reël vir reël nie.
- Die liedjie moet in sy geheel baie herhaal word gedurende die twee weke.
- Sing liedjie baie gedurende week, voor aktiwiteite, terwyl toiletroetine gedoen word, voordat kleuters eet of slaap.